HEILIGE GEES

DEEL 1: GRONDLEGGING

Joh 14:15 As julle My liefhet, bewaar my gebooie.
Joh 14:16 En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid:

- Trooster = Paracletos
- 4x aangaande die Heilige Gees en 1x aangaande Jesus. Al 5x deur Johannes.
- **1Joh 2:1** *My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.*
- Voorspraak = Advocate = Paracletos
- 'n Advokaat verskoon nie 'n persoon se sonde nie, hy tree in vir die beskuldigde, en in Jesus se geval tree Hy in vir ons, ons word onskuldig verklaar want Jesus het reeds die prys betaal.

Joh 14:17 die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.
Joh 14:18 Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.
Joh 14:19 Nog 'n klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie; **maar** julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe.

- Hierdie vers verwys na iets wat terselfde tyd plaasvind – die wêreld sien Jesus nie, maar die gelowiges sal hom sien.
- Ons sal later sien waarom...

Joh 14:20 **In dié dag sal julle weet dat Ek in my Vader is, en julle in My, en Ek in julle.**

- Hierdie dag verwys na Pinkster – die dag wat die Gees uitgestort sal word.
- Die eerste en groot opdrag van die Heilige Gees op aarde is om aan ons te openbaar dat:- "...***en julle in My [is], en Ek in julle [is]"***

Joh 14:21 Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê **en My aan hom openbaar**.

- Ons kannie 'n verhouding met Jesus hê sonder Heilige Gees nie
- Die Heilige Gees leer ons van Jesus – Hy **openbaar** Hom aan ons, in ons gees.
- En dit is hoe ons (die gelowiges) Jesus sal sien (vers 19) terwyl die wêreld Hom nie sal sien nie.
- Jesus in ons vervang NOOIT die Heilige Gees.
- Die Heilige Gees is nie 'n krag of iets misties nie, Hy is 'n persoon. Hy HET krag en rus ons toe met krag, wysheid, vertroosting ens., maar Hy is 'n Persoon!!

Joh 15:26 Maar as die Trooster gekom het wat **Ek** vir julle van die Vader sal **stuur**, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, **sal Hy van My getuig**.

Joh 16:12 Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie.
Joh 16:13 Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig.
Joh 16:14 **Hy sal My verheerlik**, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.
Joh 16:15 Alles wat die Vader het, is myne; daarom het Ek gesê dat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.

- Die Heilige Gees verkondig nie homself nie – maar Jesus.

Nou met dit as agtergrond kan ons beweeg na die boodskap van Hand 2 en die boodskap aangaande die Heilige Gees.

Hand 2:1 En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar.
Hand 2:2 En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het.
Hand 2:3 Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit.
Hand 2:4 En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.
Hand 2:32 Hierdie Jesus het God opgewek, waarvan ons almal getuies is.
Hand 2:33 Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en **van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort**, wat julle nou sien en hoor.
Hand 2:34 Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie, maar hy self sê: Die Here het gespreek tot my Here: Sit aan my regterhand
Hand 2:35 totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete.
Hand 2:36 **Laat dan die hele huis van Israel** sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het.
Hand 2:37 Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders?
Hand 2:38 En Petrus sê vir hulle: **Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes**, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.

- Eerstens is dit belangrik om te besef, dat Jesus die Heilige Gees as belofte ontvang het, en dat Hy die Heilige Gees uitstort – Jesus is die gewer/doper van die Heilige Gees
- Petrus preek nog 'n boodskap van die uiterlike ervaring, hy adresseer "die Huis van Israel" – die finale evangelie van Paulus, die openbaring van die geheimenis dat Jesus IN ONS leef en die Heilige Gees 'n innerlike werk doen, was nog nie geopenbaar nie.
- Petrus preek nog 'n eng/noue evangelie – net aan die Jode, nie die breë evangelie wat later aan Paulus geopenbaar was nie. Hy preek nog steeds 'n "boodskap van werke", nie 'n evangelie van Genade nie – dis ten volle aan Paulus openbaar 13 jaar later eers !!
- Luk 3:3 En hy het gekom in die hele omtrek van die Jordaan en die doop van bekering tot vergifnis van sondes verkondig;
- Israel het slegs in uiterlike tekens geglo, maar ons moet by dit verby beweeg tot 'n INNERLIKE WERK.
- Petrus preek nog die doop as 'n aksie van redding – dat die saligheid wat ons sal ontvang, die doop as voorwaarde stel.
    - Dit is die Doop van Johannes – voor die kruis, voor die opstanding !!!
    - Petrus het nog nie die openbaring van die geheimenis van Jesus en God se Genade ontvang nie – dis jare later eers aan Paulus gegee.
    - Paulus sê selfs dat hy niemand gedoop het nie, want saligheid is in die werk van Jesus aan die kruis – dis Jesus wat ons verlos en vervolmaak, geen ander aksie of enigiets wat ons doen nie – nie eers die doop nie.
    - Paulus wou nie die fokus van die redding deur geloof wegskuif en iets anders byvoeg vir die redding nie, want sekere mense het gesê dat jy eers gered word NA die doop – dis onbybels.

Rom 10:9 As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;

Eph 2:8 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;
Eph 2:9 nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie

- Ons word gered alleenlik deur geloof – die doop voeg niks by tot ons redding nie.

1Co 1:14 Ek dank God dat ek niemand van julle gedoop het nie, behalwe Crispus en Gajus,
1Co 1:15 sodat niemand kan sê dat ek in my naam gedoop het nie.
1Co 1:17 Want Christus het my nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig, nie met wysheid van woorde nie, sodat die kruis van Christus nie verydel mag word nie.
1Co 1:18 Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God;

- Johannes die Doper se bediening was VOOR die kruis.
- Paulus verkondig die KRUIS – waar alles VOLBRING is.
- NA die kruis, het die doop verander van 'n "doop tot vergifnis van sondes" na 'n geestelike simbool van dit wat met ons plaasvind
- ...dat ons IN CHRISTUS opgeneem is – ons is geestelik gedoop in Christus, net soos die besnydenis van die vlees verander het na die kruis as 'n besnydenis van die hart !!!
- Die doop is 'n uiterlike simbool van dit wat geestelik (innerlik) plaasvind. Opsigself het dit GEEN verlossings krag nie.

Israel het net geglo in wonders en tekens. Hulle kon nie dinge aanvaar eenvoudig op geloof nie, God moes met Israel deel in terme van tekens, uiterlike dinge.

Daarom het die Heilige Gees gekom in Hand 2 met soveel uiterlike tekens en krag – sodat die mense sal WEET dat die belofte vervul is.

Maar dit was NIE die volle boodskap van die Heilige Gees nie, Paulus het die volle boodskap aan ons kom verkondig – deur sy openbaring wat hy van God ontvang het.

DEEL 2

- Aan die begin van tyd het die Vader, Jesus en die Heilige Gees saam die Evangelie beplan. Net soos die Vader en Jesus en die Heilige Gees SAAM besluit het om mens te maak – Gen 1:26 "...kom ons maak mens na ons beeld..."
- Die Heilige Gees se rol is geensins minder belangrik as die Vader of Jesus se rol nie, dis net 'n ander deel van die volmaakte plan.
- Die HEILIGE GEES doen baie dinge in ons lewens en ons bedieninge – maar daar is een hoofdoel – v.20 – om te WEET dat ons in Jesus is EN HY IN ONS !!
- Mens verstaan nie God nie. Nie Sy opdragte of Sy natuur nie
    - Die HEILIGE GEES is gestuur om ons te leer en te lei
    - Om ons denke te vernuwe
    - Om Christus aan ons te openbaar sodat ons Hom sal ken
- Wat die Heilige Gees deur ons doen: genesing, tale, bemoediging ens. is geensins so belangrik soos om die Heilige Gees se sending-doel nie – om ons Christus te leer – Christus IN ons, die hoop op ons heerlikheid.
- Deur 'n verhouding met die Heilige Gees behoort die Wet tot 'n einde te kom in ons. Die mens wat geen kennis en verhouding het met die Heilige Gees nie – vervang dit met die wet.
- As ons die doel van die Heilige Gees op aarde misverstaan – sal ons nooit die ware suiwer evangelie preek nie, ons sal altyd 'n vermengde evangelie preek – want dis die Heilige Gees wat ons die waarheid leer.
- Daar is net een persoon wat die verskil maak in dit wat ons KEN – dis die Heilige Gees, Hy is die trooster en die leeraar van die Vader

1Co 15:45 So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees.

- Adam was 'n lewende siel, want hy het NIE Christus in hom gehad nie, die Heilige Gees het nie in hom gewoon en hom verseel nie
- Hy moes God net uit sy siel dien
- Na die kruis dien ons God uit ons siel EN ons gees
- Die wet en leë godsdienstigheid maak ons weer lewende siele – nie gees-mens nie. Dan leef ons weer soos Adam, uit die siel
- Vandag nog neem mense God aan slegs in hulle gedagtes, nooit hulle hart. Hulle is onder die indruk hulle dien die Here en behoort aan hom, maar hulle gees is nooit wedergebore.
- Hulle het nooit die lewendmakende Gees ontvang nie – hulle is slegs godsdienstig

Sommige mense en groepe soek voortdurend die Heilige Gees, maar Die Heilige Gees is 'n gawe/geskenk/gift

Die Heilige Gees is nie n krag, mistiese mag ens. – dis 'n persoon, een van die 3 enige God

1Co 2:7 Maar ons spreek die wysheid van God, wat bestaan in verborgenheid wat bedek was en wat God van ewigheid af voorbeskik het tot ons heerlikheid,
1Co 2:8 wat niemand van die heersers van hierdie wêreld geken het nie—want as hulle dit geken het, sou hulle die Here van die heerlikheid nie gekruisig het nie—
1Co 2:9 maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet.

1Co 2:10 Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God.

- Dis deur die Heilige Gees wat God met my en jou kan praat asof ons totaal alleen in die heelal is – net ek en Hy – Hy het tyd vir jou, want die Heilige Gees wat in jou woon, deel uniek en persoonlik NET MET JOU.
- Die Heilige Gees leef in jou siel, jou gedagtes, waar Hy werk om eerstens Christus aan jou te openbaar. Waar Hy jou denke vernuwe en deur kennis en wysheid ons lei op ons lewens pad.

Eph 5:17 Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is.
Eph 5:18 Moenie dronk word van wyn nie—daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.
Eph 5:19 Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here,
Eph 5:20 terwyl julle God die Vader altyd vir alles dank in die Naam van onse Here Jesus Christus,
Eph 5:21 en aan mekaar onderdanig is in die vrees van God.

- Brief was geskryf aan die gemeente van Efese. Hulle het baie gode en afgode dienste gehad, onder anderre die godin Diana
- Dronkenskap was deel van hulle godsdienstige rituele. Hulle het geglo dat dronkenskap help jou om met die gode te kan komunikeer. Dronkenskap was deel van hul aanbiddeing.
- Met hierdie kennis as agtergrond sê Paulus vir hulle, gelowiges in Efese, dat dronkenskap verkeerd is en hulle NIE moet dronk word van wyn nie, MAAR, die teenoorgestelde – word vervul met die gees – NIE word "dronk" in die gees NIE.
- Daar is 3 gevolge van vervulling met die Heilige Gees in hierdie deel:- ('n definisie van Gees-vervulling)
    - Lofprysing – Vers 19
    - Dankbaarheid tot God – vers 20
    - Onderdanigheid. Nie net tot God nie, maar mense word onderdanig aan mekaar. Vers 21
    - Dis die beginsel van nederigheid en broeder liefde.
- Vervulling met die Gees is 'n innerlike werk !!

Eph 1:10 om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig—

- Alles in hierdie wêreld is verenig onder een persoon – Jesus
- Niks op aarde buite Christus – is goddelik nie. Net dit wat IN CHRISTUS IS kan goddelik wees. Nie eers die Wet was goddelik nie, dit was buite Jesus
- Daar is 'n groot verskil tussen "What God does" en "Who God is"
- Buite Jesus (selfs die Wet) gaan alles oor "What God does" – dit gaan oor God se werke en my werke ens..
- Maar IN Christus word als vir my eerder "Who God is". Om Hom te KEN, dat Hy ons Vader, ons Pa word, iemand met wie ons 'n verhouding het.
- Godsdienstigheid hou my weg van God af – dit hou my besig met "What God does" en wat ek ook moet doen. **Werke staan lynreg teenoor verhouding.**
- Die Heilige Gees wil my leer "Who God is".

DEEL 3

- Dis moontlik om jare gered te wees en vir jare woon Jesus Christus in ons, sonder dat ons Hom die Ere plek gee in ons lewe – sonder dat Jesus die belangrikste persoon word in ons lewe
- Die Heilige Gees is ALTYD DAAR, ons is Sy woonplek en hy deel konstant met ons – dis ONS wat nie die Heilige Gees hoor nie en nie ontvang wat Hy met ons deel nie.

Rom 8:26 En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.
Rom 8:26 Likewise the Spirit also helpeth our infirmities:

- Let wel Hy "Help" ons, Hy neem dit nie weg nie, en Hy genees nie ons swakhede nie.
- Hy help ons om deur dit te werk, daaruit te leer, en in die leer prosses kom ons nader aan Christus en dit waarvoor God ons geskep het – ons moet deur dit werk – maar nie alleen nie.

Rom 8:27 En Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig die wil van God vir die heiliges intree.

- Hy is nie net daar om ons te leer nie, maar ook vir ons in te tree !!
- God is altyd aan ons kant!!
- As ons ons probleme alleen probeer hanteer en nie met die Heilige Gees opneem nie, sal ons buite God se wil wees – die Heilige Gees bring ons in lyn met God se wil
- Mense wat op hulle eie kan klaarkom – het nie God se genade nodig nie – genade (Grace) is vir die wat hul afhanklikheid weet !!
- Hy praat nooit met ons oor dinge wat bo ons begrip is nie, altyd net dit waarvoor ons gereed is en gewillig is om te glo en aanvaar!!

2Ti 1:13 Hou as voorbeeld van gesonde woorde dié wat jy van my gehoor het, in die geloof en liefde wat in Christus Jesus is.
2Ti 1:14 Bewaar jou goeie pand deur die Heilige Gees wat in ons woon.

- Die Heilige Gees is daar om ons toe te rus om dit te bewaar wat God in ons geplaas het.
- Hy trek ons nader aan Christus sodat ons uiteindelik by 'n plek in ons lewe kan kom waar ons met Jesus komunikeer – oor als in ons lewe.
- Jesus moet deel word van als in ons lewe, die Heilige Gees bring ons op daardie plek.
- Deur ons wandel in die Gees bewaar die Heilige Gees dit wat aan ons toevertrou is – vir Timoteus was dit sy roeping en die bediening van die evangelie aan die gemeentes.
- Ons het elkeen 'n diens/roeping/plek in die liggaam, deur ons verhouding met die Heilige Gees leer Hy ons hoe om dit te ontwikkel en te bewaar.
- Die Heilige Gees lei ons na die punt in ons lewe waar Hy ons vervul met die ondervinding en die kennis van hoedat God ons geskep het vir Hom.

1Co 1:30 Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.

- Ons HET REEDS hierdie "dinge"
- Maar ons kan dit nooit op ons eie begryp nie, en nooit vernuwe word deur hierdie kennis – AS DIE HEILIGE GEES dit nie aan ons leer en openbaar nie.
- Die moeilikste ding aangaande Genade/Grace, is dit - dat ons NIKS kan doen om enigiets te verdien nie.

- Ons vlees wil altyd iets doen, iets verdien, die wet in ons vlees wil altyd hê dat ONS moet "doen" – wanneer die Heilge Gees ons leer oor Genade, besef ons – ons HET DIT REEDS !! net Hy kan ons leer dat ons kan niks doen nie, onder die era van genade word die mens 'n ontvanger, nie 'n doener, en Christus word als en ek moet minder word.
- Die wet in ons leer ons om op "ons" te fokus, ons moeite en dade en goedheid – die Heilige Gees leer ons – ons is ontvangers – CHRISTUS IS ALS !!

ONS MOET MINDER "DOEN" – EN MEER "WEET".

HOE DEEL GOD MET SONDE IN ONS NA DIE KRUIS !!

Eze 18:20 Die siel wat sondig, dié moet sterwe;
- Sonde lei tot die dood

Dus, ... elke keer as ons sondig, volgens die Ou Testament, moet ons geestelik sterf, maar dit gebeur NIE want ons hoef nie elke keer weer gered te word nie. Hoe kan ek gered bly selfs as ek sondig?

Toe die Heilige Gees in ons kom woon, het 'n nuwe dispensasie aangebreek, anders as die dispensasie van die wet. God deel anders met sonde en met ons – alhoewel sonde steeds sonde bly, sonde word nooit "reg" nie.

Rom 6:6 aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.
- Ons het NIE meer 'n sonde natuur nie
- My nuwe natuur is uit God gebore, my ou sondige natuur is aan die kruis vas genaal, die ou mens is dood.
- As ek nou soos die ou mens optree en 'n sonde pleeg – is DIT nie my natuur nie!! Ek tree op UIT DIE HERINNERINGE VAN die ou mens en die ou natuur. Die ou mens is NIE WIE EK is nie, dis nie my ware natuur nie.
- Soos ons gelees het in Rom 7 waar die vrou (kerk) getroud is met 'n nuwe man (Jesus) maar steeds soms verlang na die vorige huwelik (lewe van sonde) en dan soms steeds optree soos in die vorige huwelik – maar die ou huwelik is NIE haar natuur en nuwe lewe nie, alhoewel sy so optree.

Ons nuwe natuur is:

Kol 1:27 aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is **Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid**.

Col 1:27 To whom God would make known what *is* the riches of the glory of this mystery among the Gentiles; **which is Christ in you, the hope of glory**:

Ons nuwe natuur is – Christus – NIE sondaar nie. Die sondaar is dood en aan die kruis.

1Co 6:17 Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom.

1Jn 3:8 Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.
- Die werke van die duiwel is verbreek
- Sy natuur van sonde kan nie meer deur jou werk en jou dinge laat doen teen jou wil nie

- Sonde natuur in ons is oorwin

1Jn 3:9 Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.

- Ek het God se natuur in my – NIE die sonde natuur nie
- My gees-mens is volmaak geskape en sondig nie

Gal 2:20 Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.

- Ek (die ou sonde mens) is gekruisig – dood
- Christus is my natuur
- Wanneer ek sondig, tree ek uit my vlees op en ons aanvaar dat ons sonde is verkeerd en moet bely word en vergewe word – maar ek tree NIE uit my wedergebore persoon op nie – my nuwe natuur is Christus

1Jn 5:16 As iemand sy broeder 'n sonde sien doen wat nie tot die dood is nie, moet hy bid, en Hy sal hom die lewe gee—vir die wat nie 'n sonde tot die dood doen nie. Daar is 'n sonde tot die dood; daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie.

- Hier lees ons van 'n sonde wat nie lei tot die dood nie....
- In Esegiel lees ons dat "die siel wat sondig, moet sterf" – sonde lei tot die dood.
- My ou mens van sonde is egter gekruisig – hy is dood.
- My sonde lei nie meer tot my dood nie, want die ware ek is uit God gebore en sondig nie.
- So die sonde wat die wedergeborene pleeg – lei nie tot die dood nie - -WANT die prys is reeds betaal.
- Jy kan vir jou broer se sonde bid, en God sal hom vergewe – dis die beginsel van liefde en eenheid in die liggaam.
- In plaas van om ons broer te veroordeel – bid vir hom en God sal hom vergewe – LIEFDE.
- Sonde moet steeds vergewe word – want sonde verwyder ons tydelik van God en bedroef die Heilige Gees.
- Wanneer ek in sonde leef, leef ek met my vleeslike gedagtes – "my own mind – NOT the mind of Christ"

1Jon 1:5 En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie.
1Jon 1:6 As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie.
1Jon 1:7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.
1Jon 1:8 As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie.
1Jon 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.
1Jon 1:10 As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.

- Hierdie sonde is wanneer ek UIT MY EIE OU NATUUR optree – NIE uit my nuut wedergebore Goddelikke natuur nie

- So ons moet ons sonde belei, en God vergewe ons, slegs op beleidenis, daar is niks meer nodig – want die prys is REEDS BETAAL AAN DIE KRUIS.

Let op wat sê vers 7: " Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde."

- Selfs wanner jy in die lig wandel (geregtigheid) sal jy steeds sonde pleeg, want die vers sê dat die bloed reinig ons van ons sonde – want ons gaan nie volmaak wandel nie, daar sal steeds sonde wees wat vergewe moet word.

Mense moet egter versigtig wees om hierdie kennis te gebruik om IN SONDE TE WANDEL en ons rug op God se weg te draai.

2Pe 2:20 Want as hulle, nadat hulle deur die kennis van die Here en Saligmaker, Jesus Christus, die besmettinge van die wêreld ontvlug het, hulle tog weer deur hierdie dinge laat verstrik en oorwin word, dan het vir hulle die laaste erger geword as die eerste.

Heb 6:5 en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld,

Heb 6:6 en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak.

- Wanneer 'n persoon sy rug op God draai en Hom verwerp, dan is daar nie meer 'n offer vir daardie sonde nie.
- DIS NIE iemand wat net sogenaamd "terugval nie", so 'n persoon VERWERP nog nie God nie. dis eenvoudig ongehoorsaamheid.
- Die persoon genoem in hierdie 2 verse is wanneer iemand volwasse geword het in die geloof en dan Jesus VERWERP !!

OP PINKSTER DAG HET IETS IN DIE WERELD EN IN DIE MENS VERANDER BETREFFENDE SONDE

- Die duiwel is uit – Jesus is in
- My sonde natuur is uit – God se natuur is IN !!

1Jon 5:18 Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie.

- Die duiwel en die sonde natuur het geen beheer oor ons nie – die duiwel het geen vat aan ons nie.
- Ons IS oorwinnaars oor sonde en die duiwel.
- ..... ek tree uit my ou natuur uit op (Rom 6).....ek verlang na my vorige huwelik, lewe van sonde (Rom 7)

HOE KAN EK SONDE OORWIN:-

- ONS MOET ONS IDENTITEIT KEN – EK IS UIT GOD GEBORE, EK HET JESUS SE NATUUR
- LIEFDE TOT GOD – JOH 4 !!!
- LEEF TOT GOD IN LIEFDE EN JY SAL ALTYD OORWIN.

Philippians 3:10-12 (AMP)

10 [For my determined purpose is] that I may **know Him** [that I may progressively become more deeply and intimately acquainted with Him, perceiving and recognizing and understanding the **wonders of His Person** more strongly and more clearly], and that I may in that same way come to know the power outflowing from His resurrection [[a]which it exerts over believers], and that I may so share His sufferings as to be continually transformed [in spirit into His likeness even] to His death, [in the hope]

11 That if possible I may attain to the [[c]spiritual and moral] resurrection [that lifts me] out from among the dead [even while in the body].

12 Not that I have now attained [this ideal], or have already been made perfect, but I press on to lay hold of (grasp) and make my own, that for which Christ Jesus (the Messiah) has **laid hold of me and made me His own.**